DIE O.B., WOENSDAG, 30 NOVEMBER 1949

# ,Onmiddellike Stappe'

Daar is seker weinig lande in die wêreld wat 'n gunstiger terrein bied vir Kommunistiese ondergrawing as Suid-Afrika met sy rykdom aan rasse en sterk belynde grense tussen ekonomiese groepe. Benewens 'n proletariaat van nie-blankes wat die blanke „bourgeoisie" in getalsterkte sesvoudig oortref, is daar die primitiewe en rasse-instinkte van die miljoene gekleurdes wat 'n paradys moet wees vir Moskouse dissipels van onrusstoking. In sulke omstandighede spreek dit vanself dat Suid-Afrika die minste van alle lande die weelde van Kommunistiese propaganda kan bekostig. **Dit is daarom baie teleurstellend om na byna twee jaar van nasionale regering nog geen daadwerklike optrede teen die Kommunisme in ons land waar te neem nie.** Weliswaar het die Minister van Justisie 'n paar sprekers sekere beperkinge opgelê—**beperkinge wat weens die onvolledigheid daarvan juis net groter ruimte aan die Kommunistiese propagandamasjien gee om dit uit te buit as „fascistiese" onderdrukking, want terwyl 'n Sam Kahn in Transvaal en Durban „Sam Can't" word, in die woorde van min. Eric Louw, bly hy nie alleen „Sam KAN" in Kaapland en in die parlement nie, maar basuin ander Kommunistiese sprekers en hul blaaie hierdie „onreg" uit ook op daardie plekke waar mnr. Kahn nie kan nie.**

In die lig van hierdie gebrekkige optrede na agtien maande van nasionale bewind is dit interessant sowel as insiggewend om te sien wat die Herenigde Party as noodsaaklik beskou het in die dae toe hy in die opposisie was. Op 26 Januarie 1943 het mnr. Eric Louw, volgens hy uitdruklik verklaar het, namens die „offisiële Opposisie" die volgende mosie voorgestel (Hansard, deel 45, par. 458):

### SONDER VERSUIM

„Dat die Raad sy ernstige verontrusting uitspreek oor die toenemende groei van kommunistiese propaganda en bedrywighede in die Unie, en oor die reeds sigbare uitwerking daarvan, veral op die nie-blanke bevolking, . . . .; dat die Raad derhalwe die Regering versoek om die raadsaamheid te oorweeg om onmiddellike stappe te doen—

(a) **om die Kommunistiese Party en alle organisasies wat kommunistiese leerstellings propageer of aanmoedig, as onwettig te verklaar;**

(b) **om die propagering of aanmoediging van kommunistiese leerstellings, ditsy deur toesprake, verspreiding van leesstof, vertoon van rolprente, of deur enige ander middel, te verbied;** en

(c) om vreemdelinge wat die kommunistiese leer verkondig of propageer, te deporteer, en om geen immigrante in die Unie toe te laat van wie dit bekend is dat hulle kommunistiese leerstellings propageer of voorstaan nie;

dat die Raad verder die mening uitspreek dat bewapening van nie-blanke soldate, **en die teenwoordigheid van die U.S.S.R. se diplomatieke verteenwoordigers in die Unie, bydraende faktore tot die groei van kommunisme is, en derhalwe die Unie-regering versoek om die bewapening van nie-blanke soldate te staak, en om bestaande konsulêre verhoudings met die U.S.S.R. af te breek."**

In sy toespraak het mnr. Louw die regering versoek om gou te maak: „Hy moet optree, **en ek sê verder dat daar geen versuim mag wees nie. As hy wil optree, moet hy dadelik optree."**

Watter kritiek ookal teen min. Louw ingebring kan word, dit kan in sy guns gesê word dat hy in elk geval oor die afgelope ses jaar konsekwent gebly het sover dit sy oortuiging betref. Van die Kommunistiese gevaar het mnr. Louw in Maart hierdie jaar gesê:

„**Die polisie beskik oor inligting dat die Kommunistiese propaganda in die Unie in die laaste paar maande geweldige afmetings aangeneem het. Die propaganda kom hoofsaaklik uit die kantoor van die Russiese konsul in Pretoria.**

„Die handelsbetrekkinge tussen die Unie en Sowjet-Rusland regverdig geen diplomatieke verteenwoordiging nie. In Suid-Afrika is geen Russiese burgers wat beskerming nodig het nie. **Tog is die personeel van die konsulaat buitensporig groot vir die werk wat gedoen moet word. Die toestand is uiters ernstig. Die Russiese metode om deur middel van sy konsulate die onskendbaarheid van vriendskaplike lande te ondermyn, is baie bekend."**

### VERKIESINGSTOESPRAAK

Die feit dat hierdie toespraak gehou is 'n paar weke voor die provinsiale verkiesings kan miskien as verklaring dien waarom min. Louw se woorde van 1949 en sy eise van 1943 aan die een kant so grootliks verskil van die praktyk van sy regering in die afgelope agtien maande. **In 1943** was mnr. Louw en sy „offisiële opposisie" nie in die posisie om die gevraagde stappe self uit te voer nie. Die destydse regering is aangemoedig om „sonder versuim op te tree" anders kon dit te laat wees. **Dit was ses jaar gelede.** Daardie regering het niks gedoen nie en die enigste reaksie wat mnr. Louw met sy mosie uitgelok het, was dat die Minister van Justisie hom gespot het omdat hy voorheen 'n generaal van die Ossewabrandwag was. **Maar intussen het mnr. Louw saam met sy „offisiële opposisie" aan bewind gekom en hulle beskik vandag oor die mag om uitvoering te gee aan wat mnr. Louw indertyd as noodsaaklike stappe beskou**

*(vervolg in volgende kolom)*

*(vervolg van vorige kolom)*

**het wat „onmiddellik" uitgevoer moes word.**

Maar nog nie een enkele van daardie voorgestelde maatreëls is deur die huidige regering toegepas nie, behalwe dat die bewapening van nie-blanke soldate vanself na beëindiging van die oorlog tot 'n einde gekom het. **Inteendeel, onder die huidige bewind is die eerste Kommunistiese parlementslid binnegeloods.** Wat is dan die rede dat mnr. Louw se regering na agtien maande nog nie gedoen het nie wat hy in 1943 „sonder versuim" van die Smutsbewind gevra het? Is dit maar deel van die verskynsel waarna 'n medewerker van ons blad verlede week verwys het toe hy gesê het: „Dusver het die kabinetslede van die H.N.P. hulle sterkste standpunte in hul toesprake ingeneem," of moet hierdie verskynsel aan 'n diepere oorsaak toegeskryf word? **Sal min. Louw nie die vinger op daardie oorsaak lê en openlik erken dat die parlementêre staatsmasjien geen plek het vir „sterk" en onmiddellike optrede nie, en dat dit daarom net so immoreel vir 'n „offisiële opposisie" is om van 'n „regering" iets te vra wat hy self nie in staat is om te doen nie as wat dit klugtig is om lywige mosies en lang toesprake in die parlement te hou sonder dat diegene aan wie dit gesê word enige notisie daarvan neem?**

**En kan min. Louw ons ook sê in hoever ons verbondenheid aan Britse buitelandse beleid miskien verantwoordelik kan wees vir hierdie gemeenskaplike gebrek van al „Sy Majesteit se regerings"?**

## *Soos Ons Lesers Dit Sien*

## PLAN VIR O.B.-VROUE

**Komdte. mev. P. M. van der Westhuizen, Voortrekkerstraat, Uniondale, skryf:**

Ons waardeer baie die vroue-artikels in die jongste paar O.B.'s en verlang ook nog dat ander vroue-kommando's vir ons wenke deur die blad moet gee, soos, hoe om funksies te reël en wat ons kan doen om die fondse te vermeerder ens.

Ek sluit hier 'n artikeltjie in vir die O.B.-vroue as 'n plan om hul inkomste te vul.

Dit is 'n eenvoudige kinderrokkie wat uit 1 jaart materiaal kan gemaak word.

Ek koop tenminste 2 jaarts materiaal — een bont, die ander effekleurig, wat by die bont pas.

Dan sny ek uit elke jaart 'n rokkie. Die een rokkie word van effekleur gemaak, met 'n bont skouer-stukkie en bont bandjies voor oor die bors se rygplooitjies en om die moutjies, en so maak ek die ander rokkie weer bont en skouerstukkie en bandjies van effekleur.

My doel is om verafgeleë en behoeftige vrouens 'n kans te gee om hulle fondse aan te vul. Dit eis nie baie kuns om sulke rokkies te maak nie. Kommando's kan van my patrone bestel, uitgeknip in materiaal teen 5/- elk.

'n Paar vrouens in ons kommando is bereid om dit te doen, daarom meen ek ander vroue-kommando's kan ook meedoen.

Met die afset van dergelike rokkies het ons 'n O.B.-besigheidsman se raad nodig om ons te help.

Ons sal miskien 'n groothandelsfirma se hulp moet kry om die rokkies vir ons te verkoop en ook om die nodige materiaal te kry. Miskien kan iemand so 'n saak aanbeveel.

Ons het genoeg kinders om die tuisgemaakte rokkies te dra. Daar kan dan altyd ander patrone of groter rokkies ontwerp word vir die doel.

(Die redaksie sal graag ruimte wil afstaan aan die vroue indien hulle 'n bietjie onder mekaar wil gesels.—Red.)

## VRYSTAAT EN VRYMESSELARY

**„Waarheid", Johannesburg, skryf:**

In die Bloemfonteinse The Friend van 17 Oktober jongslede het die volgende skokkende openbaring van die vroeë indringing van vrymesselary in die Vrystaat my getref, terwyl dit vir my tegelykertyd 'n lig werp op die sterk posisie van die Vrymesselaarsbeweging in hierdie provinsie: Uit The Friend van 21 Oktober 1864:

Sedert die aankoms van die Onder-grootmeester van die Nederlandse Losie in Suid-Afrika, mnr. C. J. Brand (vader van president Brand), het daar 'n groot roering hier in Vrymesselary gekom. Verskeie vergaderings is gehou, en daar word gesê dat 'n stuk of twaalf nuwe lede in al die geheimenisse van die vak ,sonder geld en sonder prys' ingelyf is. Almal, of byna almal van ons amptenare, van die hoogste tot die laagste, het daarvoor ingegaan, en die jongste grootvergadering is in die Volksraadsaal gehou. Vrymesselary beloof dus om in hierdie staat 'n regeringsinstelling te word. Die losie sal genoem word die Unie."

(Onder die bewind van die liberalistiese pres. Brand het die Vrystaat dieselfde blootstelling aan buitelandse invloede ondergaan as wat die Transvaal onder die liberalistiese pres. Burgers ondervind het. —Red.)

## V.P.-KANDIDAAT GESTEUN

**„Waarnemer", Merweville, skryf:**

Op 10 November l.l. was hier te Merweville 'n verkiesing vir die Afdelingsraad. Soos maar altyd die geval is, was die twee uiteindelike kandidate 'n Nat en 'n Sap. Indien al die Nasionaliste en O.B.'s vir die Nasionale kandidaat gestem het, sou hy 'n oorwinning met 'n meerderheid van ongeveer 127 stemme behaal het.

By die stembus is egter opgemerk dat die voorsitter van die H.N.P., mnr. G. S. Snyman, snr., buite-agent, en nog 'n Nasionalis, mnr. Japie Bothma, binne-agent, vir die Sap-kandidaat was. Dit het natuurlik tot gevolg gehad dat baie Nasionaliste die voorbeeld van hul voorsitter gevolg het, en vir die V.P.-kandidaat gestem het, as gevolg dat die Nasionale kandidaat met 'n skrale oorwinning van 24 tevrede moes wees.

Nou wonder mens, daar die samewerking tussen V.P. en H.N.P. so ooglopend is, of dit die eerste tekens is van 'n uiteindelike koalisie tussen die twee partye; indien nie, sal mnr. Eric Louw handelend moet optree in sy kiesafdeling of hy gaan met die komende eleksie nie die pyp rook nie. Dit sal ook goed wees vir min. Louw om daarop te let dat as die O.B. nie hul heelhartige steun aan die Nasionale kandidaat gegee het nie, sou daar bepaald 'n oorwinning aan V.P.-kant gewees het, en dit met H.N.P.-ondersteuners.

# REPUBLIEK WAS VERSTANDIGER MET SY SALARISSE

**Mnr. A. J. van Rooy, Kaapstad, skryf:**

Graag wil ek u gelukwens met die interessante artikel van adv. J. de Vos oor die samestelling van die kabinet, en die goeie voorbeeld wat die V.S.A. ons stel. Die bekwaamste manne word geneem buite en binne die Kongres. Verder is daar die beginsel dat iemand goed beloon word, maar dan moet hy sy aandag uitsluitlik gee vir die taak waarvoor hy vergoed word.

In hierdie land is dinge egter agtersteevoor. Die man wat die minste werk het, is die Goewerneur-generaal en hy kry daarvoor £10,000 per jaar salaris. Met toelaes en ander onkoste bygereken was die pos „Goewerneur-generaal" in 1942 reeds £24,000. Die man wat die meeste verantwoordelikheid dra, nl. die Eerste Minister kry 'n skamele £4,000 per jaar. Hier is darem 'n groot skroef los.

In die Transvaalse republiek was dinge egter heelwat nader aan die ideaal wat adv. De Vos stel. Paul Kruger was president en het ook as sodanig regeer. Hy is gekies deur die volk wat die geleentheid gehad het om hulle beste seun direk op die persoon af te kies. Paul Kruger is tewens ook goed vergoed. Sy salaris was £7,000 per jaar, d.w.s. amper twee maal soveel as wat ons Eerste Minister vandag kry! Tog was die ou Transvalers nie spandabel nie. **Hulle het £24,000 gespaar omdat hulle nie 'n goewerneur-generaal gehad het wat moes niks doen nie; verder het hulle ook nie 'n Opposisieleier wat die regering in die wiele moes ry gehad nie; dit was 'n verdere besparing van £2,000. Hulle het dus £7,000 uitgegee teenoor ons £24,000 plus £4,000 plus £2,000 d.w.s. £30,000 per jaar vir dieselfde, of dalk nog beter diens.**

Die nywerheid in ons land word gedurig aangemoedig om soveel moontlik te produseer teen 'n koste wat so laag moontlik gehou word. Die grootste mate van doeltreffendheid moet verkry word, en die fabrieksorganisasie moet gedurig hersien word om die beste resultate te verkry.

**Is dit nie hoog tyd dat ons staatsmasjien ook 'n bietjie opgeknap word nie? Of is dinge wat in Engeland gemaak is onvatbaar vir verbetering?**

## *Vlagloop Deur Studente*

Die afgelope week het die Afrikaanse Studentebond 'n vlagloop na die Voortrekkermonument van stapel gestuur. Van Kaapstad af word die Van Riebeeck-vlag gedra, wat later in Bloemfontein aangevul sal word deur die Vrystaatse vlag, terwyl die Transvaalse Vierkleur van Potchefstroom en die Natalse Voortrekkervlag van Pietermaritzburg af gedra sal word. Al vier vlae sal op die oggend van 14 Desember by die Monument aankom.

Volgens die reëling skyn dit of republikeinse geesdrif maar net oor die laaste endjie pad aangeblaas sal kan word, daar die vlae uit Kaapstad en Natal maar net historiese belangstelling sal geniet.

● ***Hulle wat in ons blad adverteer, het die eerste aanspraak op ons geld!***

# Partypolitiek Maak S.A. Krank, Sê Studente

**In 'n onlangse uitgawe van die Stellenboschse Student, amptelike mondstuk van die studentegemeenskap, het twee standpuntstellings verskyn wat vir ons lesers interessant mag wees. Twee studente het die vraag: Is ons politiek-mal? beantwoord. Mnr. David Kriel het gesê: Ja, terwyl mnr. Piet Aucamp dit moes ontken, dog openlik sy onvermoë om in die bresse vir die partypolitiek te tree, erken het.**

„Ons is politiek-mal", skryf mnr. Kriel. „Die politiek — meer bepaald die partypolitiek — verdring meer-belangrike inhoude uit ons gees. Die politiek bepaal ons beoordeling en beleid. Daarom is ons die slagoffers van 'n geesteskrankheid."

Oor begrippe soos regverdigheid en vryheid van ontwikkeling, ens. sê mnr. Kriel: „Al is ons besig om in weerwil van ons strewe na regverdigheid die reg van ander te vertrap, is **ons** handelswyse reeds geregverdig en **hulle** s'n onverdedigbaar omdat **hulle** tot die ander groep behoort. **Hulle** behoort mos nie aan ons party nie.

„Die hart is to vol politiek om te onthou dat hulle ons **medemense** is. Ons standpunt is te reg dat hulle s'n ook reg kan wees. As ons moet prysgee verloor ons te veel — selfs al moet ons ook die verkeerde in ons prysgee.

**„VERKEERDE PARTY"**

„In die lig van die partypolitiek moet die ander party se gedrag beoordeel word. Daar heers misstande in Suid-Afrika. 'n Verkeerde party is aan bewind.

„'n Paar jaar gelede het lede van die boeregemeenskap hulle misnoë te kenne gegee oor die beperkte omsetgebied vir sekere landbouprodukte. Die regering was daarvoor verantwoordelik. **Toe dit weer na 'n paar jaar gebeur, kon ons geen kommentaar verwag nie. 'n Ander party het aan die bewind gekom.** Onder 'n ou bewind het foto's van huislose gesinne in 'n dagblad verskyn om aan die lig te bring hoe sleg sake bestuur word. En ná 'n omwenteling spreek foto's nog van woningsnood. Maar nie van wanbestuur nie! Toe kontrole-maatreëls onder 'n ou bewind getref word, is heftig geprosteer. En toe dit weer onder die ander bewind geskied, is dit as normale verskynsel beskou. Miskien het mense daaraan gewoond geraak.

„Maar andere se gedrag word nie net beoordeel nie, maar ook **voorspel.** Tans weer doen fantastiese onthullinge oor 'n beweerde staatsgreep by geleentheid van 'n volksfees die ronde. Dat die ander pers daarop sal reageer, is verstaanbaar. En op reaksie volg reaksie. Tot 'n hele bosbrand van haat en agterdog tussen lede van één volk woed. En dit óór niks. Vir niks."

**WIL MAAR KAN NIE**

**„Graag soos wat ek van mnr. Kriel sou wil verskil en hom met oortuigende argumente weerspreek, moet ek my eie onbekwaamheid beken",** skryf mnr. Aucamp. **„Dit is trouens onmoontlik óm die waarheid, al maak dit ook seer, sonder meer te verwerp of selfs argumente daarteen te probeer opwerp. Ek stem volkome met hom saam: In plaas van Liefde is dit Haat wat ons volk verdeel en regeer."**

Mnr. Aucamp sien egter 'n verskil tussen „politiek" wat heeltemal verkeerd met party-„politiek" vereenselwig word en politiek wat in der waarheid staatsleer is. **Ons is wel party-„politiek"-mal — dit gee mnr. Aucamp toe. Maar party-„politiek" is nie politiek nie.**

„Nou sal u met my saamstem", skryf hy, „dat party-,politiek', of liewer party-beleid, veral in 'n heterogene land soos Suid-Afrika, baie kwaad kan veroorsaak. Daar word gebruik gemaak van seepkissietoesprakies en emosionele nuusblad ,voorligting' om gevoelens op te sweep. Daar word terwille van partybelang gebreek en geskeur aan die volk. Wat die partyleier sê en die koerante skrywe, is Bybels. Mense het vergeet om te dink. **Hulle behoort nie aan 'n party, of stem daarvoor, omdat die bele'd wat dit verkondig naaste aan hul eie opvattings kom nie. Nee, die party se opvattings is van huis uit ook hulle s'n. Die partyorgane is die breinkrag. Die ideale toestand vir party-„politici", skyn dit soms, is dat die atmosfeer swanger sal wees van vrees en haat, wat slegs moontlik is indien die onkunde van die massas nie opgehef word nie.**

„Dit, vriend, is rassehaat en ,politieke' uitbuiting van onkunde. Maar dit is nie politiek nie."

Ten slotte skryf mnr. Aucamp: „Mag Suid-Afrika genees word van sy ,politieke' krankheid, deur kundig te word van politiek en staatsleer, selfdinkend word!"

## Genl. Smuts Ontnugter

**Genl. Smuts het verlede week in Londen aan 'n perskonferensie gesê dat hy tans twyfel of die V.V.O. opgewasse is om die vraagstukke waarvoor die wêreld staan, op te los. „Streekgroeperinge mag miskien nou die beste antwoord in die tussentyd op die moeilikhede van die wêreld wees," het hy gesê en daaraan toegevoeg dat hy geen rede sien waarom die voorbeeld van die Westerse Verbond nie in ander dele van die wêreld nagevolg kan word sodat ons ook 'n Afrika-streekgroep kry nie.**

Betreffende die veto-reg het genl. Smuts gesê dat dit weens die handves baie moeilik sal wees om daarvan ontslae te raak.

Toe van meer nugtere kant na die oorlog beswaar gemaak is teen die idee van 'n veto-reg vir die groot moondhede, het genl. Smuts die veto-reg bepleit as 'n „realistiese beleid". Maar dit was in die dae toe diktator Stalin nog „premier" Stalin was en sy teenstanders almal „fasciste".

# FEES SKIET AAN GEESDRIF TEKORT

**Tot ons spyt moet berig word dat die rapportryersfees in Bloemfontein nog nie daardie mate van geesdrif aangewakker het waarop gehoop kon word nie. Volgens ons korrespondent berig, het dit daar nie veel beter gegaan as op die eerste feeste in die Suide nie. Die volk wil maar nog nie vlam vat nie, klaarblyklik om redes wat ons reeds in die blad genoem het, waarvan die belangrikste is die doelbewuste ontmoediging van republikeinse geesdrif deur en die selftevredenheid van die kant van die volk met 'n nasionale bewind. Mense wat oor die draadloos inluister, skyn die meeste besieling totsover te ondervind het.**

Die Rapportryersfees in Bloemfontein het geblyk 'n siellose byeenkoms te wees waarby geen een van die aanwesiges enige boodskap of besieling kon vind nie. Bewys hiervan was die gedurige stroom van mense en motors wat aanhoudend die terrein verlaat het van reeds so vroeg as 9-uur die aand, toe die hoofverrigtinge van die dag aan die gang was.

Die skare van sowat sesduisend mense was totaal ongedissiplineerd en kon nouliks deur die aankondiger beheer word. Hy moes etlike beroepe op hulle doen om tog asseblief op hul plekke te bly, en moes selfs dreig dat indien nie gehoor gegee word aan sy versoeke nie, die uitsaaiprogram gekanselleer sal moet word. Hierdie vergeefse beroepe het selfs 'n afstootlike geboe en gejou van sekere mense ontlok.

**BEROEPE OM GEESDRIF**

**Die geesdrif was so laag dat toe die tyd vir die uitsaaiprogram aanbreek, die omroeper 'n spesiale beroep op die mense moes doen om tog geesdriftig te raak as daar iets gedoen of gesê word.** Hierin het hy kortkort die voortou moes neem. By hierdie tyd het honderde mense in 'n aanhoudende stroom die terrein begin verlaat, en toe dr. A. J. R. van Rhyn, L.V., die hoofspreker van die aand aan die woord kom, het hy self sover gegaan om aan sy toehoorders te verseker dat as hulle tog net vir nog 'n rukkie wil stilstaan, hy nie baie lank sal praat nie. Hierdie versekering het weinig gebaat, want toe dr. Van Rhyn sy toespraak afsluit, was daar nog maar minder as 800 mense op die hoofpawiljoen oor. Sy toespraak was dan ook sterk politiek gekrui, en het daarop neergekom dat hy die kieserskorps gemaan het om nie bang te word vir die wetgewende program wat volgende jaar ingedien gaan word nie, aangesien die Voortrekkers nie bang mense was **nie.**

Die rapportryers het na Bloemfontein gekom, hier vertoef, en weer die stad verlaat, en nou gaan Bloemfontein maar weer sy gang soos gewoonlik. Die verskillende politieke partye gaan voort met hul gewone bedrywighede van propaganda en agterdogsaaiery, die een teen die ander. Die een party doen sy bes om in die kussings te bly, en die ander om hom daar uit te lig, ongeag die middele wat hiertoe aangewend word. — (Korr.)

## Nie Net Eie Aan Afrikaner Nie


Britse liberalisme is verlede week deur mev. M. Mallinger, L.V., in Londen daaraan herinner dat ook hulle naturellegebiede het en dat toestande daar nie veel verskil van dié van die Unie nie. Dit is nie soseer die „Afrikaner-standpunt" wat beveg moet word nie, het sy gesê, maar 'n koloniale standpunt. „Ek sal dalk nog eendag versoek word om Britse kolonies te besoek en te sê wat ek van hulle dink. In meeste gevalle glo ek nie sal ek die toestand daar veel anders as in die Unie aantref nie."

## Soos Stalin Dit Wou Gehad Het

Die aanval van Duitsland op Rusland in 1941 is deur die demokratiese propaganda gebruik as 'n bewys van Duitsland se verraderlikheid. In die Neurenbergse hof het dit egter in die getuienis uitgekom dat die Duitse militêre staf oor inligting beskik het wat gedui het op Rusland se voorbereiding om Duitsland binne te val sodra hy Engeland aanval. Daarom is daar afgesien van die plan om Engeland binne te val na Duinkerke.


In 'n brief aan 'n vriend kort na die opkoms van Hitler het Stalin as volg geskryf:

**„Die fasciste is sekerlik nie aan die slaap nie, maar dit is in ons voordeel dat hulle eerste aanval; dit sal die hele werkersklas na die Kommuniste trek."**

BEROEMD *en* WELBEKEND
*oor die 66 jaar vir*
BESTE WAARDE
*in*
KLAVIERE
*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*
sowel as alle
ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*
WAPENS



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels
R. MÜLLER (Eiens.) BPK.
Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### HUWELIK

**DE JAGER — RETIEF.** — Hiermee maak ons E. D. A. tweede dogter van mnr. en mev. J. Retief en Herman tweede seun van mnr. H. de Jager, Strand, bekend dat ons op 3 Desember om 3.30 nm. in die N.G. Kerk te Wellington in die huwelik bevestig word. Geen resepsie. Telegramme en gelukwensings Hexberg, Wellington.

30/11/1.

### BENODIG

**'N BLANKE HUISHOUDSTER vir Afrikaanse gesin van drie, in goeie woonbuurt. Bediendes in diens. Eie kamer in huis en goeie loon word aangebied aan ervare dame wat dienste of middel Januarie of begin Februarie kan aanvaar. Skrywe asb. aan STEYN, Posbus 32, Parow.**

30/11/3.

### BETREKKING VAKANT

**SNELSKRIF-TIKSTER.**— Applikasies word ingewag vir 'n tweetalige snelskrif-tikster vir 'n vakante betrekking in die Ossewabrandwag en Voorslag kantore. Salaris volgens ondervinding. Dit word verwag dat die suksesvolle kandidaat 'n lid van die Ossewabrandwag moet wees. Doen aansoek by die **Stafhoof, Groote Kerkgebou 703, of Posbus 1411, Kaapstad.**

2/11/2

### GELD

Jong Afrikaner-boer wat misoes gehad het moet £100 met rente vir twaalf maande leen voor 15 Desember of hy word uitverkoop. Ek is jonk getroud en moet vir my ouers sorg. Is bereid om goed geteelde Friese as sekuriteit te verskaf plus my O.B.-woord wat ek nog nooit verbreek het. Kan 'n wapenbroer asseblief help? Skryf aan „Offisier", Posbus 1411, Kaapstad.

30/11/2.

### TE KOOP

**WATTELPALE EN SPARRE.** —
Hoekpale 8 voet lank, 6 tot 8 duim bokant dikte 2/- stuk.
Gewone pale 6 voet lank, 4 tot 6 duim bokant dikte 9d. stuk.
Spanpaaltjies 4 voet lank, 1½ tot 2½ duim bokant dikte £3 10/- per 1000 met bas.
Spesiale stringstokke vir tabak 4½ of 5 voet lengtes £2 15/- per 1000, met bas.
Gelewer Charlestownstasie. Bestel van: **L.S. Buys, Amajuba, P.K. Charlestown.**
Kontant met bestelling. 31/8/TK

### GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

### GRYSHARE

**GRYSHARE** herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaad of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.**

A/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.**

(Nr.1) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon 1063.** As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswilig.

21/9/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.**— Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein.

19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

## KERSGROETES IN DIE O.B.

**Soos in die verlede stel Die O.B. sy kolomme vanjaar weer ter beskikking van ons lesers wat graag kersgroetes aan hul vriende wil stuur.**

**Die tarief vir 'n enkele plasing is 2s. 6d. vir 36 woorde of minder, en daarna 1d. per woord vir alle bykomende woorde. Die geld moet saam met die groete gestuur word, en moet ons (Posbus 1411, Kaapstad) 'n week voor publikasie bereik.**

**Die kersgroetes sal verskyn in die uitgawes van 14 en 21 Desember.**


## VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**

**PAROW**

DIE PRAGTIGSTE LINNEPAKKE KOOP U BY

Steyns

DIE MODEWINKEL

*Parow*

Kotzé

Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

**ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD**


# Slimmer Met Halwe Brein As 'n Hele

## Interessante Mediese Ontwikkeling Aan Rand

**'n Paar weke gelede is in die pers berig dat 'n twaalfjarige seuntjie in Johannesburg 'n operasie ondergaan het waardeur die een helfte van sy harsings verwyder is, en dat die kind nie net herstel het van sy kwaal nie, maar ook as gevolg van die operasie baie slimmer geword het. Hy het gely aan vallende siekte en was geestelik so agterlik dat hy op die ouderdom van 11 jaar nie verder as standerd een kon vorder nie. Vandag, na die operasie, het hy die intelligensie van 'n seun van ouer as twaalf en openbaar hy blyke van buitengewone kunsaanleg.**

Hierdie operasie is beskryf as die sewende van sy soort in die wêreld en is een van die nuutste ontwikkelinge van die mediese wetenskap. By geleentheid van die mediese kongres in Kaapstad onlangs het 'n Johannesburgse breinspesialis hierdie nuwe ontwikkeling in 'n referaat behandel. Die operasie word toegepas in gevalle waar 'n deel van die brein beskadig of aangetas is met die gevolg dat die pasiënt geestelike en liggaamlike simptome van onewewigtigheid openbaar. Gewoonlik word een deel van die liggaam verlam, ly die pasiënt aan vallende siekte en is hy geestelik agterlik en opvlieënd van geaardheid.

### VERANDER

Een van die behandelde gevalle was 'n nege-jarige dogtertjie wie se brein by die geboorte beskadig is. Die hele een helfte van die harsings — wat in twee afsonderlike helftes verdeel is soos 'n okkerneut — is verwyder. Voorheen was sy agterlik en gedeeltelik verlam, en sy was onregeerbaar weens haar humeur. Sy het nie die vermoë gehad om te konsentreer nie. **Ná die operasie het sy 'n aangename geaardheid gehad, het so vinnig geleer dat die spesialis die opmerking gemaak het dat die vorige pogings om haar te leer lees, nie heeltemal sonder sukses moes gewees het nie.** Haar konsentrasievermoë en geheue was nou goed en haar samewerking met die ander kinders was vlot. Ook haar liggaamlike lamheid het so herstel dat sy kon loop.

Die tweede geval was dié van 'n 21-jarige meisie wat vanaf haar negende jaar aanvalle van vallende siekte gekry het. Haar een arm en been was verlam, en sy was altyd stuurs en teneergedruk. Sy het geselskap van ander vermy en het geen werk gedoen nie. Na die operasie het sy heeltemal verander, geselskap opgesoek, netjieser aangetrek en 'n groot leeslus ontwikkel.

### GEESTELIK VERBETER

Die opmerklikste in al hierdie gevalle was dat die pasiënt geestelik so verbeter het. Voorheen is ook operasies vir hierdie brein-ongesteldhede uitgevoer, maar dan was net die beskadigde deel verwyder. Die vallende siekte het in sulke gevalle ná die operasie verdwyn, maar die humeur en verstandelike peil was onveranderd. **Die verklaring hiervoor is dat 'n gedeeltelike verwydering van die harsings steurend inwerk op die elektriese golwe wat die brein afgee, terwyl die verwydering van 'n hele helfte die elektriese werking van die brein ongehinderd laat.**

### VERKEERDE GELOOF

Voorheen het die geloof in wye kringe bestaan dat die mens se brein in onderdele verdeel is, elk met 'n besondere taak, en dat verwydering van daardie gedeeltes sekere hoedanighede van die mens sou beïnvloed. **Hierdie nuwe ontwikkeling wat veral in Johannesburg onder belangstelling van die res van die wêreld bestudeer word, toon egter nou dat die brein 'n veel groter geheel is en dat die vermoë van kompensasie wat by ander organe aangetref word, ook ten opsigte van die brein bestaan. Verwydering van die een helfte bring mee dat die oorblywende helfte die ander se taak oorneem, net soos in die geval van oë of niere.**

### WYSBEGEERTE

Die referant het verklaar dat hierdie ontwikkeling in Johannesburg ook sy invloed op die wysbegeerte sal hê, wat oor die eeue die verhouding tussen liggaam en gees probeer bepaal het. So byvoorbeeld het Aristoteles beweer dat die gees in die mensehart setel. Andere het weer geglo dat die gees in die breinholtes sit, terwyl in die jongste tyd gees en brein vereenselwig is met mekaar. **„Tans skyn dit of 'n halwe brein — die helfte van die orgaan van die gees — in sekere omstandighede meer geestesvermoë kan bevat as 'n hele brein."**

## „Lewendige" Speelgoed

Daar is sprake dat teen aanstaande jaar by Kersfees speelgoed beskikbaar sal wees wat met 'n elektriese brein toegerus is en wat op eie houtjie sal eet, slaap, dink, stap en handel soos 'n troeteldiertjie.

Die ontwerper van hierdie „lewendige" speelgoed is dr. Grey Walter wat na twee jaar van navorsing en proefnemings daarin geslaag het om speelgoed met „verstand" te skep. Hulle sal minder as £10 stuk kos en ongeveer vyf pond weeg. Volgens hom sal hulle in 'n huis kan rondstap en uitdraai vir goed wat in hulle pad kom en as hulle moeg is, sal hulle gaan slaap. Hulle sal ook beskik oor 'n gevoel en 'n geheue.


## PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**

**(Edms.) Bpk.**

**MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown**


# Partystryd Gaan OOR Vraagstuk — Nie Daarteen

**Die O.B. het dikwels daarop gewys dat politieke partye 'n stryd voer OOR vraagstukke en nie TEEN vraagstukke nie. In plaas van soos een man 'n vraagstuk aan te pak en uit die weg te ruim, verkies hulle om die vraagstuk liewer te gebruik om die ander mee onderstebo te slaan. 'n Tipiese voorbeeld hiervan vind ons ten opsigte van die Kommunistiese vraagstuk. Die een party verwyt die ander voortdurend dat hy die Kommuniste bevorder en aanhelp sonder dat een van die twee wanneer hulle aan bewind is, iets ingrypends teen die Kommuniste doen.**

So byvoorbeeld het Die Burger 'n paar weke gelede in 'n hoofartikel die Verenigde Party beskuldig dat hy die Kommuniste „behulpsaam" is: „Die anti-apartheidsveldtog wat onder leiding van die Verenigde Party deur die lengte en breedte van die land gevoer word," aldus die blad, „is water op die meul van die Kommunistiese Party, wat 'n aktiewe lid van die anti-apartheidsfront is. Hulle is dit roerend eens met veldm. Smuts dat apartheid 'n vloek is. **Hulle aanvaar met dankbaarheid hierdie gratis hulp in hul strewe om 'n kommunistiese republiek sonder kleurskeidslyn in Suid-Afrika te verkry. Maar dit is nie al opsig, en ook nie die belangrikste opsig, waarin die Verenigde Party die Kommuniste behulpsaam is nie . . .**"

### DIESELFDE AANKLAG

Maar onderwyl Die Burger besig is om sy lesers te beduie hoe die Verenigde Party bondgenoot speel vir die Kommuniste, kom Die Suiderstem op sy beurt weer met dieselfde aanklag teen die H.N.P. Die blad het dit oor die verkiesing van 'n verteenwoordiger van die naturelle in die Kaaplandse Provinsiale Raad waar 'n V.P.-kandidaat teen 'n Kommunis staan. **Dit meen die blad, is 'n bewys hoe net die Verenigde Party Kommunisme beveg!**

„Ons het meer as twee maande gelede herhaalde beroepe op die Malan-party en op die Malan-koerante gedoen om die V.P. in die verkiesing te help", verklaar die blad. „Maar tot dusver het nie 'n enkele H.N.P.-leier en ook nie een van hul persorgane in die saak geroer nie . . . **Die minste wat 'n mens sou verwag het, is dat hulle hul afkeur van die Kommunisme en van die Kommunistiese kandidaat sou uitspreek."**

### DIE DERDE HOND

**En onderwyl die twee groot partye — wat binne die parlementêre stelsel almal saam kollegas is van die Kommunistiese Party wie se verkose kandidate hulle met parlementêre formaliteit inlei, voorstel en verwelkom — met mekaar twis OOR die Kommuniste, is laasgenoemde besig om stap vir stap hul houvas op die land te verstewig, binne bestuursliggame en daarbuite.**

**Ook het nie een van die partye blykbaar lus om die Kommuniste met iets meer as toesprake en teenkandidate te beveg nie, al kry elkeen 'n beurt om te regeer.**

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 30 NOVEMBER 1949




**Vanaf 12 tot 18 Desember 1949 hou ons by Pretoria ons eerste groot Uniale Boerejeug-laertrek. Lank het ons al na hierdie geleentheid uitgesien en is seker dat alles wat ons daaromtrent die hoop gekoester het, nou werklikheid sal word. Die reëlings vir hierdie laertrek het onder baie moeilike omstandighede geskied, waartydens stremmende invloede van buite hulself ook nie weggesteek het nie. Die Boerejeug het egter gewen en daarom sal ons nou ons laer kan hou.**

**Hierdie uitgawe van DIE BOEREJEUG wy ons spesiaal aan die reëlings in verband met hierdie groot sametrekking en wil elke lid versoek om hulle deel tot die sukses daarvan by te dra deur noukeurig op alles wat hieronder geplaas word, ag te slaan en dit baie stiptelik uit te voer.**

**Ons sien daarna uit om julle in Pretoria te ontmoet.**

## ELKE LAERGANGER MOET DIE VOLGENDE BENODIGDHEDE SAAMBRING

| SEUNS | DOGTERS |
|---|---|
| Boerejeugdrag. | Boerejeugdrag. |
| 3—4 Komberse. | Ekstra voorskoot en kappie. |
| 1 Stel ou klere (Khaki). | 3—4 Komberse. |
| Hoed en reënjas. | Laken, kussing en sloop. |
| Kouse (Khaki), Das (Donkergroen). | Papiersak vir hoede en kappies. |
| Bruin skoene. | Reënjas. |
| Skoenwaks en borseltjie. | Seep, tandeborsel en pasta. |
| Handdoeke. | Handdoeke. |
| Eetgereedskap en bordedoek. | Eetgereedskap en bordedoek. |
| Skeerbenodigdhede, seep. | Skoenwaks en borsel. |
| Tandeborsel en pasta. | Flitslig. |
| Flitslig, tou of lyn. | Bybel, Psalm/Gesangboek. |
| Bybel, Psalm/Gesangboek. | Sangbundels. |
| Sangbundels. | IDENTIFIKASIEKAARTJIE. |
| IDENTIFIKASIEKKAARTJIE. | |

***NIEMAND MAG EGTER WEGBLY NET OMDAT HY/SY NIE OOR AL DIE BOGENOEMDE BENODIGDHEDE BESKIK NIE.***

## Kaaplandse Treine Vertrek As Volg

| | |
|---|---|
| **KAAPSTAD:** Sondag, 11 Desember ... ... ... | 8.30 nm. |
| **HUGENOOT** Sondag, 11 Desember ... ... ... | 9.41 nm. |
| **WELLINGTON:** Sondag, 11 Desember ... ... ... | 9.53 nm. |
| **WORCESTER:** Maandag, 12 Desember ... ... | 12.16 vm. |
| **MATJESFONTEIN:** Maandag, 12 Desember ... | 4.15 vm. |
| **MOSSELBAAI:** Saterdag, 10 Desember ... ... | 4.00 nm. |
| **OUDTSHOORN:** Saterdag, 10 Desember ... ... | 9.23 nm. |
| **PORT ELIZABETH:** Sondag, 11 Desember ... | 9.30 vm. |

## Algemene Inligting

**LAER-ADRES:** Die Boerejeug se laerterrein is geleë aan die suidelike kant van die monument en die adres is as volg:

Boerejeug-laer, Blok 5, Uit Veertiendestraat, Voortrekkermonument-feesterrein, PRETORIA. Die terrein word baie duidelik in die linkerhoek van die onderstaande skets aangedui.

**WANNEER U IN PRETORIA AANKOM:** Groepe wat **per vragmotor of persone wat afsonderlik reis,** moet die pad wat op die onderstaande skets met stippel-lyntjies aangedui word, na die laer volg. Persone wat deur Pretoria reis, word aangeraai om met die Fonteine-pad na die laer te ry.

**Groepe wat per trein reis,** moet stiptelik op die volgende let. Wanneer u op Pretoriastasie afklim, moet die kinders in u groep net daar op die platform bly staan. Een lid van die groep sal dan aan die Boerejeug-offisier (in amptelike drag) wat voor die ALGEMENE WAGKAMER op die stasie op diens sal wees, rapporteer. Reëlings vir vervoer vanaf die stasie na die laerterrein sal dan voor gesorg word.

Persone of groepe wat ná middernag op 13 Desember op Pretoria-stasie sal aankom, moet **onmiddellik** Boerejeughoofkwartier, Posbus 3471, Kaapstad, in kennis stel wanneer en hoe laat hulle te Pretoria-stasie sal aankom. (Maak gebruik van die vormpie wat elders in hierdie uitgawe verskyn).

**WANNEER U IN DIE LAER AANKOM:** Aan elke laerganger, wie se naam ons reeds ontvang het, word 'n **Identifikasiekaartjie** gestuur, wat GEDURIG in laergangers se besit moet bly. Wanneer 'n laerganger in die laer aankom, moet hy of sy onmiddellik aan die Administratiewe-Offisier rapporteer en die Identifikasiekaartjie toon. GEEN LAERGANGER SAL IN DIE LAER TOEGELAAT WORD, SONDER DAT HY OF SY IN BESIT VAN SO 'N KAARTJIE IS NIE.

Sodra 'n laerganger binne die terrein kom wat as laergebied aan die Boerejeug toegesê is, sal sodanige persoon onder bevel van die Senior-Offisier van die laer staan.

**LAERFOOIE:** Die laerfooi bedra £1 10s. 0d. per lid vir die duur van die laer. Hierdie laerfooie moet SONDER VERSUIM by Boerejeughoofkwartier, inbetaal word. Waar daar meer as een lid uit een huisgesin kom, sal afslag op die laerfooie IN DIE LAER gereël word.

**SLUITING VAN LAER:** Die Boerejeug-laer sluit amptelik op 18 Desember. Laergangers wat nie op daardie datum die terugreis kan aanvaar nie, sal verlof kry om langer in die laer te bly en vir hulle sal voorsiening gemaak word.

### Spesiale Oproep!!

**ELKE OFFISIER EN BRANDWAG WAT GROOT KOOKPOTTE (SEEP-POTTE) BESIT, WORD DRINGEND VERSOEK OM DIT AAN DIE LAER TE LEEN. AS U DIT NIE SELF KAN BRING NIE, STUUR DIT ASSEBLIEF DADELIK AAN BOEREJEUG-LAER, P/a. P. VAN STADEN, LOUIS TRICHARDT-STRAAT 91, PARKTOWN, PRETORIA. SIEN ASSEBLIEF TOE DAT DIT DUIDELIK GEMERK IS, EN STEL BOEREJEUG-HOOFKWARTIER IN KENNIS DAT U DIT AANGESTUUR HET.**

**BYDRAES, SOOS BOTTER, KOOKVET EN ANDER SKAARS ARTIKELS KAN OOK AAN BOGENOEMDE ADRES GESTUUR WORD.**

## BAGASIE

Aan elke laerganger sal drie etikette gepos word met die adres van ons laerterrein daarop. Wanneer u dit ontvang, moet u u naam daarop invul in duidelike drukletters. Hierdie etikette moet aan u bagasie vasgemaak word, wanneer u na die laer kom.

### AAN ONS OUERS

**Graag wil die Leiding van die Boerejeug hiermee die ouers van kinders wat saam met ons in Pretoria gaan laerslaan bedank vir die vertroue wat hulle in ons stel, deur hulle kinders aan ons sorg toe te vertrou. Ons wil u verseker dat die laer onder strenge toesig van verantwoordelike volwasse offisiere sal staan en dat alles moontlik gedoen sal word om die veiligheid van die kinders, in alle opsigte, te verseker.**

**PERSONE WAT NOG GRAAG DIE LAER WIL BYWOON EN NOG NIE HULLE NAME OPGESTUUR HET NIE, WORD VERSOEK OM DIT ASSEBLIEF ONMIDDELLIK TE DOEN. SLEGS VAN TOEPASSING OP TRANSVAAL EN VRYSTAAT.**

## Aansoekvorm Om Boerejeug-Laertrek By Te Woon

NAAM.........................................................................

ADRES.......................................................................


.....................................................................................

Ouderdom......... Kom u per trein of motor?...................

Indien per trein, datum en tyd op Pretoria-stasie...............

.....................................................................................

**LAERGANGERS WAT REEDS HULLE NAME INGESTUUR HET MOET NIE WEER HIERDIE VORMPIE INVUL NIE!!**




*Adres van Boerejeughoofkwartier:* **POSBUS 3471, KAAPSTAD**

# SPRAKE VAN SENSUUR: EGTER GEEN OPLOSSING

**In 'n toespraak verlede week op Piet Retief het mnr. F. C. Erasmus, Minister van Pos- en Telegraafwese, te kenne gegee dat sy departement reeds die een of ander vorm van sensuur op berigte na die buiteland toepas. „As Minister van Pos- en Telegraafwese wil ek aan daardie mense wat berigte aan oorsese koerante stuur en Suid-Afrika belaster, sê dat hulle nie van my moet verwag dat al hul berigte hul bestemming sal bereik nie. Dit is tyd dat die regering sy voet neersit, en hy doen dit."**

Die Engelse pers het dadelik hiervan afgelei—en volgens die koerantberig skyn so 'n afleiding juis te wees—dat die regering reeds besig is om sommige kabelgramme en berigte wat per lugpos gestuur word, terug te hou. Aan die anderkant is berig dat die Kaapstadse poskantoor nog geen opdrag ontvang het om sensuur toe te pas nie.

**Die vraag kom dus op of min. Erasmus maar nie net weer 'n „sterk standpunt" aangekondig het sonder dat dit in werking gebring sal word nie, hoewel die regering—en die land—die volle rekening daarvoor sal moet betaal asof dit reeds klaar gedoen is—soos 'n medewerker van Die O.B. verlede week oor die handelwyse van die regering gekla het.**

Selfs Die Burger keur so 'n beleid af omdat, volgens die blad tereg opmerk, sensuur van staatsweë net die buitelandse wantroue teenoor Suid-Afrika sal vermeerder. As ons dus hier te doen het met nog 'n voorbeeld van „regering deur toespraak," waar sterk dinge gesê word sonder dat dit uitgevoer word, het mnr. Erasmus sy saak geen diens bewys nie. En indien dit reeds gedoen word, is dit te betwyfel of dit enige goed kan doen. Burokratiese diktatuur is behalwe die feit dat dit 'n diktatuur is, ook ongewens omdat dit so ondoeltreffend is—daarvan het die Smutsdiktatuur tydens die oorlog getuig

### KUNSMATIG

**En nou is dit ongelukkig presies waar die parlementêre demokrasie heen lei: Die natuurlike volksfunksies word voor die voet vernietig en vervang deur die kunsmatige partyorganisasies wat met alle mag inbeur op elke terrein van die openbare lewe en wat in sommige gevalle selfs nie eens vir die godsdienstige terrein terugdeins nie. Die gevolg is dan die ontbinding van die volkslewe wat nou deur middel van party-diktatuur gestuit moet word.**

Die oplossing vir die bandeloosheid van die pers lê, soos Die O.B. dit al tevore bepleit het, in die organisering van die pers in 'n verantwoordelike beroepsliggaam met 'n gedragskode wat toesig sal hou oor lede—en dus ook oor joernaliste wat buitelandse koerante verteenwoordig. Indien 'n korrespondent 'n ongegronde bewering na die buiteland stuur, kan hy tot verantwoording geroep word deur sy eie beroepsorganisasie. Dit sal veel beter wees as om so 'n kwaadwillige se kabelgram terug te hou, met die gevolg dat hy eenvoudig dit en nog erger vanuit 'n naburige gebied gaan wegstuur.

# Handelsvrees Sit Agter Oorlog

**In 1939 het Brittanje die wêreld aan die brand gesteek—met beklemmende gevolge vir diegene wat vandag nog lewe—terwille van die onskendbaarheid van Pole, so het dit destyds gelui. Dat Brittanje tot hede toe nog geen amptelike beswaar geopper het teen die inlywing van die helfte van Pole deur Rusland nie, is, tesame met die teensinnigheid van Britse politici om aftakeling van Duitse nywerhede te staak, miskien 'n onderstreping van die feit dat die werklike motief van die oorlog iets anders moes gewees het.**

**Onderstaande aanhaling uit die Sunday Times gee 'n aanduiding van wat daardie motief was—soos tewens ook verlede week in Die O.B. uiteengesit is:**

**„Die samesprekings tussen die drie moondhede in Parys word dopgehou deur baie nyweraars en vakbondleiers wat oortuig is dat groter vryheid vir Wes-Duitsland se ekonomiese struktuur 'n ernstige bedreiging vir Brittanje se handel inhou. Die herstel van Wes-Duitsland se reg om konsulêre en diplomatieke verteenwoordigers in die buiteland te benoem, so betoog hulle, stel Wes-Duitsland met sy goedkoop krag, en onbeperk deur 40-urige werkweke, in staat om sy voormalige vyande te klop in die handelswedloop van Europa.**

„Selfs 'n gedeeltelike beëindiging van die staat van oorlog met Duitsland sal nie net Duitse handelsbetrekkinge oorsee versterk nie, maar sal ook lei tot die vergemakliking van die posisie ten opsigte van geblokkeerde rekenings in die buiteland.

### BEKOMMERD

„Sir Cecil Weir, ekonomiese raadgewer van die Britse militêre goewerneur in Duitsland, het Brittanje gewaarsku teen die handelsmededinging wat hy die hoof sal moet bied.

„Britse ingenieurs- en skeepsbelange in besonder voel bekommerd. Duitse skeepsherstelwerke het reeds klaar 'n aansienlike deel van die voor-oorlogse mark verower.

„Die tyd wat geneem word vir helstelwerk en die lae pryse wat opgegee word, is van so 'n aard dat weinig Britse of vastelandse firmas kan meeding.

**„'n Onlangse Sweedse skeepskontrak het na 'n Duitse firma gegaan. Die prys was £150,000, of helfte van die bedrag wat deur 'n Britse firma opgegee is.**

**'n Ander Britse firma het £200,000 genoem as die allerlaagste prys vir twaalf 65-ton lokomotiewe met aflewering in agtien maande. 'n Duitse firma het £140,000 opgegee met aflewering binne nege maande."**

**Dus: omdat die Duitsers tweemaal so vinnig en dus tweemaal so goedkoop werk as die Britte, moes Suid-Afrika ook met geld en bloed betaal vir die uituitskakeling van hierdie mededinger van Brittanje.**

# BRITSE POLITICI VIND GEEN FOUT MET AFTAKELING

**Dat die Britse minister van buitelandse sake wat voorverlede week dringende samesprekings oor Duitsland met Amerika en Frankryk gehou het, nog nie eens onder die besef van die noodsaaklikheid van stopsetting van die aftakelingsbeleid verkeer nie, is deur hierdie partypolitikus openlik in die Britse laerhuis erken.**

Bevin het gesê dat die sake waaroor die samesprekings gegaan het, onder meer die hersiening van die aftakelingsbeleid was. **„Maar ek moet sê dat ek nie deur die getuienis beindruk is nie," aldus Bevin, wat daaraan toegevoeg het dat hy hoop die parlement hom sal ondersteun in die voortsetting van die aftakeling van oorlogsfabrieke en „daardie soort ding".**

Bevin se opposisie-kollega, Winston Churchill, wat volgens parlementêre gebruik van die regering moet verskil, kon weens sy aandeel in die verlede nie die aftakeling uit beginsel veroordeel nie. **Hy vind egter fout daarmee dat die aftakeling plaasvind onderwyl die Duitsers toegelaat word om „vrye verkiesings" te hou.** „Om met hierdie vertraagde aftakeling voort te gaan in Wes-Duitsland en die Duitse volk terselfdertyd die volle vryheid te vergun om te sê wat hulle daarvan dink in 'n verkiesing, beteken om elke krag in Duitsland wat vyandiggesind is teenoor die Westerse demokrasie aan te moedig om volle uiting te gee aan sy gevoel," aldus Churchill.

**Aftakeling is reg, maar dit moes geskied het solank die Duitsers nie die reg gehad het om daaroor te kla nie!**

* „DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Sowjet-Gesantskappe

(Vervolg van bladsy 1 kolom 4)

**Veral die laaste het baie doeltreffend geblyk in verband met atoomkrag.**

Gouzenko verklaar dat tydens sy verblyf in Moskou daar „duisende, ja, duisende agente in die Verenigde State was; duisende in Brittanje, en baie duisende meer oor die res van die wêreld versprei."

### MOORD

In die loop van hul ontsyfering het boodskappe wat opdrag gee om 'n agent vankant te maak dikwels opgedaag. Een dergelike telegram het byvoorbeeld gelui: „BÊRE VIR KIM BELAS IGNAT MET DIE WERK". Dit het beteken dat 'n agent met die skuilnaam KIM vermoor moes word, en Gouzenko se maat het met 'n glimlag opgemerk: „Miskien sal daar nog eendag so 'n telegram in verband met jou ook gestuur word." **Vir die moord op agente hou die Kremlin sekere hoogs opgeleide persone aan wat van tyd tot tyd die land op hul aaklige sending verlaat en dan terugkeer om 'n militêre orde as spesiale beloning te ontvang.** Die skrywer herinner hom een so 'n persoon wat in dieselfde plek as hy geëet het. 'n Vriend het hom gevra om die aantal ordetekens op sy bors gereeld te tel, en elke keer wat die persoon 'n tydlank weg was en terugkeer, was daar 'n nuwe toevoegsel op sy bors!


### „NAT WERK"

Op 'n keer is die Orde van Lenin aangespeld, en op sy vraag wat dit alles beteken het sy vriend aan hom gesê: „Ons het opgelet hoe sy medaljes vermeerder. Elke keer dat hy 'n ‚nat' werk doen, was daar 'n nuwe medalje." Die benaming „droë" en nat werk is deur die hoof van die spesiale dienste gebruik om te onderskei tussen byvoorbeeld die geheime sending van 'n agent oor 'n grens en die likwidering van 'n gevaarlike agent. Laasgenoemde het geressorteer onder die afdeling „Nat Sake". Die vriend het die werking van die stelsel as volg verduidelik:

### DIPLOMATIEKE HULP

„Hy werk nooit alleen nie. Indien Moskou byvoorbeeld besluit dat 'n sekere agent in die buiteland weggebêre moet word, is die eerste taak om uit te vind waar daardie agent is, wat miskien gaan wegkruip het. **Die plaaslike Kommuniste word gewoonlik met die opsporing van die gesogte persoon belas, en hulle faal selde.** Meestal egter is die gedoemde agent nie bewus van die feit dat hy in die slegte boeke is nie voordat dit te laat is. In albei gevalle word die agent vir geruime tyd dopgehou en sy gewoontes bestudeer. Sodra al hierdie inligting verkry is, ontwerp die militêre attaché (verbonde aan die diplomatieke personeel) 'n plan van aksie wat hy na Moskou stuur vir goedkeuring. **Wanneer die finale plan opgestel en goedgekeur is, word die spesialis gestuur onder die dekmantel van 'n diplomatieke boodskapper of iets dergeliks. Sodra hy die moord gepleeg het, vlieg hy van die betrokke land so spoedig as hy kan saam met die diplomatieke pos. Niemand daar is in die saak betrokke nie, die gevaarlike agent is uitgeskakel en die spesialis keer terug om nog 'n medalje te ontvang."**

PROBEER DIT!
VIR OË-TOETS



WATTER PAAL IS DIE LANGSTE ?



VIR SMAAK-TOETS

Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuif intrek nie, blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuif, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op die selfde wyse. Let op watter sagte, geurige rokie u van Kommando kry. (Antwoord op oëtoets : As u meet, sal u ontdek dat hulle presies ewe lank is.)

U OË MAG U BEDRIEG
MAAR U KAN STAAT
MAAK OP U SMAAK




RONDE
Kommando
-sigarette

20 vir 1/-
50 vir 2/4